# 5 HOOFSTUK VYF: MOTIVERING EN HIPOTESEVORMING

## 5.1 Verbond en vaderskap

Teen die agtergrond van die huidige beskouinge in die praktiese teologie en die problematiek in gesinne, binne of buite kerkverband, word daar vervolgens enkele redes as motivering vir hierdie navorsing bespreek. Die motivering vir geloofsbemiddeling aan tieners word op Jesus Christus se bedieningsmetodiek gebaseer wat simbole, rituele en metafore insluit om die huidige krisis in gesinne en die gemeenskap te hanteer (vgl diagram 21: *'n Motivering vir die navorsing: Wie en wat?*). Die vraag oor die wie en wat dui op die geloofsbemiddelaar en die toepaslike geloofsbemiddelingsmetodologie in die huidige situasie. So 'n benadering sluit kreatiewe denke as 'n noodsaaklikheid in.

Die belangrikste motivering vir hierdie navorsing word binne die verbondsverhouding van God met die mens gevind. God is 'n God van verhoudings. Daarom is dit in hierdie navorsing belangrik om vanuit die verbond van God koers te kry en aandag te skenk aan die onderlinge verbondenheid van die gesin en geloofsgemeenskap. Deut 6:6-7 kan in hierdie opsig as 'n goue draad dwarsdeur hierdie navorsing beskou word. *"One should not overlook the premium that Deuteronomy attaches to the family and individual religious practices, recording a number of non-priestly, individual practices not mentioned elsewhere in the Pentateuch"* (Dearman 1992:145, vgl Den Dulk 1998:205 in paragraaf 6.8.4). Daar moet 'n nuwe waardering vir vaders gekweek word en vaders moet 'n nuwe ingesteldheid jeens kinders ontwikkel. *"Elia sal vaders en kinders met mekaar versoen sodat Ek nie hoef te kom en die land heeltemal vernietig nie"* (Mal 4:6). Dit vereis egter 'n interdissiplinêre perspektief van vaderskap omdat vaderskap in die afgelope dekades redelik verander het. Knijn (1995:17) beweer: *Changes in fatherhood should not be seen as a temporary choice made by a number of individual fathers. They form part of a historical process aimed at finding a new balance between and within all the … elements of fatherhood".*

Die gesin is die plek waar modellering, bemoediging en aanmoediging op 'n kreatiewe wyse deur middel van simbole en rituele moet plaasvind. Ongelukkig het gesinne hul gesag en vermoë om kinders te vorm te maklik aan ander instansies soos kategese, jeugaksies en skole oorgelaat. In die model vir gesinsbediening moet die verskillende opvoeders van tieners weer bewus gemaak word van 'n gemeenskaplike opvoedingsisteem binne die gemeenskap. Dit beteken onder andere die herwinning van die pa as hoof van die huis - as dié een wat die Godgegewe verantwoordelikheid het om die opvoeding van die kind te hanteer. Die klem val op die verbondenheid van God met die mens en sy almag om die verwondheid van die gesin, gemeente en gemeenskap aan te raak en tot genesing te lei. Ouers leef binne die invloedsfeer van 'n gemeente en gemeenskap en moet bewus bly van hul rol om vanuit 'n Christelike waardesisteem kinders in hul geloofsvorming te begelei. Ouers het ook 'n rol te speel in die lewens van hul kinders se vriende, die gemeente en gemeenskap. Die amper monologiese beïnvloedingsproses vanuit die gemeenskap na die gesin moet met 'n dialogiese beïnvloedingsproses begroet word. 'n Gesonde gemeente of gemeenskap huisves gesonde gesinne. 'n Gemeente of gemeenskap is dus so gesond soos wat die gesinne is. Benson (1997:103) met verwysing na 'n Amerikaanse presidentsverkiesingsveldtog in 1996 beweer: *"… the African wisdom that 'it takes a whole village to raise a child' was coopted by campaign spinmeisters*

*into pithy sound bites designed to polarixe the electorate".* Die Afrika-wysheid *"it takes a village"* is een van die sentrale gedagtes as motivering vir hierdie navorsing.

In die huidige communitas-tyd in Suid-Afrika moet die verskillende opvoedingsvennote in die gemeenskap bewus gemaak word van die posisie wat elkeen moet inneem in die opvoedingsproses van ouers en hul kinders. Met opvoedingsvennote word die kerk, die staat en besigheidsektor of markplein bedoel. Die huidige regering in Suid-Afrika rig deur die nuwe plaaslike regeringstrategie 'n uitnodiging na verskillende opvoedingsvennote in die samelewing om deel te wees van die transformasieproses vir 'n beter sosio-ekonomiese bedeling. Die staat vra die kerk en markplein om deel te wees van die proses na herstel in die samelewing. Hess (1998:137) sê: *"Many of our communities of faith are losing their children and youth. … This loss does not have to be. Children and youth who are invited to shape the future of our communities will sit at the table with us. Yes, they will squirm and flout traditions as they sit with us. But that's their job - and it's an important one. How else are we going to have our eyes opened?"*

Daar is 'n sterk bewuswording dat die morele waardes binne die gemeenskap en gesin tans vinnig deur afbrekende invloede verdring word. Die verskillende leiers in die samelewing word tans daartoe verbind en gedring om die gesin te versterk en die kerk moet hierin die leiding neem om die Bybelse beginsels en waardes na die samelewing oor te dra. Sodoende word beginsels en filosofieë wat strydig met Bybelse beginsels is, nie sonder keerwalle toegelaat om gesinne en gemeenskappe te oorspoel nie. God gee in sy Woord duidelik riglyne en strukture of keerwalle vir die gesin en die samelewing. God definieer die gesinskonsep en die doel van die gesin duidelik.

> As early Christianity, the Protestant Reformation, and revivalism in the nineteenth century helped construct new understandings of families - ones that simultaneously elevated the responsibilities of fathers, increased the dignity of women and motherhood, enhanced married life as a vocation, emphasized the importance of marital permanence, and proclaimed that families and marriage were subordinate to the kingdom or realm of God - we must pray for a similar religiocultural revolution in our time.
>
> (Browning et al 1997:25)

Om oor 'n nuwe benadering tot gesinwees na te dink, moet dit relevant wees vir 'n gemeenskap waar armoede by baie gesinne die aanleidende faktor tot gesinsverbrokkeling is. Browning en andere (1997:25) is van mening: *"This new family revolution will be less pious in tone, less under the auspices of confessing churches, more interdisciplinary and interprofessional, more at the grassroots level, and more dialogical than these earlier revolutions".*

## 5.2 Energiepunte in die communitas-tyd

Die probleem in 'n tydperk van veranderinge, soos tans in Suid-Afrika ervaar word, is dat vele mense net na die verandering staar sonder om dit in bepaalde rigting tot voordeel van almal te help stuur. In hierdie oorgangstyd het die kerk 'n geleentheid om deel van die infrastruktuur van 'n beter bedeling vir almal in die land te wees. Vir

die motivering van 'n tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid, word na die energiepunte van die communitas-tyd verwys. Om hierdie energiepunte te verstaan en te benut, verwys Burger (1995:29-34) na Victor Turner se voorstelling van die communitas-tyd asook na die aanpassings wat Gerald Arbuckle aan hierdie voorstelling gemaak het (vgl diagram 22: *Victor Turner se voorstelling van 'n sosiale drama* en diagram 23: *Arbuckle se Gewysigde Turner-model* en diagram 24: *Vier energiepunte*).

Suid-Afrika is tans binne 'n sosiale "drama" waar die afbreekmoment van 'n vorige bedeling in 'n sekere sin in 1994 met die algemene verkiesing plaasgevind het en die krisis daarvan nog intens beleef word. Hierdie navorsing wil aandag gee aan 'n herrangskikkingsfase of communitasfase op weg na 'n nuwe societas. Suid-Afrika verkeer tans tussen twee societas: (1) waar eenmaal 'n "stabiele" gemeenskap was en (2) 'n nuwe societas waarbinne die evangelie stabiliteit moet bring.

Die ooreenkomste of raakpunte tussen die energiepunte en die Skriftuurlike riglyne om deur die laagtes van sekere lewensomstandighede vorentoe te kan beweeg, is van belang. Hierdie energiepunte en die geloofsbemiddelingsproses aan tieners binne die verbondsgesin met 'n gemeenskapsgerigtheid kan in die communitas-tyd met mekaar gekoppel word om meer doelgerig en spesifiek met die evangelie om te gaan om geestelike leiers en gesinne deur hierdie fase asook die herintegrasietyd op weg na 'n nuwe gemeenskap en gemeentebediening te begelei. Hierdie energiepunte is van belang in die geloofsbemiddelingsproses van tieners en hul gesinne. Burger (1995:31) vat hierdie energiepunte soos volg saam: (1) Daar is 'n nuwe soeke na verdiepte verhoudings. (2) 'n Selfondersoekende inkeringsproses vind plaas - in godsdienstige terme sou 'n mens dit 'n verdiepte spiritualiteit noem. (3) Die kreatiewe invloed van grens- of drempelervarings word beleef. (4) 'n Refleksieproses kom na vore wat tot 'n nuwe verstaan van jou selfverstaan, van die wêreld en van die sin van die lewe lei.

### 5.3 'n Geleentheid vir gesinsbediening

Die geleentheid om in hierdie oorgangsfase gesinne op te bou moet aangegryp word, nie omdat daar net meer krisisse as voorheen is nie, maar omdat ouers weens moedeloosheid meer gereed en ontvanklik is om gehelp te word om hulle kinders geestelik op te voed. De Vries (1994:98) sê: *"... the climate is ripe for parents to become increasingly involved in programs that can equip them in the spiritual formation of their children".* Ouers voel nie net hulpeloos oor hul kinders nie, maar oor hulself en die lewe as geheel. Vir baie ouers is dit wel baie moeilik om tieners te hanteer, maar hulle gaan ook tans self deur 'n identiteitskrisis en veral na die 1994 verkiesing in Suid-Afrika is dit in besonder moeilik vir ouers om al die eise na te kom. Alhoewel die nukleêre gesin 'n groot rol in die Christelike opvoeding van tieners kan speel, bly dit onrealisties om dit skielik van alle ouers en gesinne te verwag. Geestelike leiers en jeugleiers sal ouers moet begelei om begeleiers in hul eie gesinne te word. Daar lê 'n tyd van harde werk en groot opwinding voor om ouers op 'n praktiese wyse bewus te maak van God se plan vir die kerk deur middel van die verbondsgesin. Ouers sal gehelp moet word om 'n model te ontwikkel waardeur hulle die Christelike geloof kan bemiddel (vgl paragrawe 9.16.1 en 9.17.2). Gesinslede moet geleer word om saam tot geestelike handelinge te kom (vgl De Vries 1994:98).

Die oplossing om die gesin in die huidige omstandighede te laat funksioneer lê veral op die vlak om gesonde verhoudings te bou. Die gesin mag in 'n krisis verkeer, maar dit beteken nie dat die kind, die Christelike geloof, met dié badwater uitgegooi moet word nie. Die gesin kan net vir die gesin en samelewing belangrik wees as dit vir die geestelike leiers in die kerk prioriteit is. Ouers moet dus toegerus word. Kinders sal moet aanvaar om ander mentors in hul lewens toe te laat omdat afwesige ouers 'n wêreldwye verskynsel is. Hier kan verwys word na die kind in die ou Israel wat almal se kind was. Benson (1997:xv) met verwysing na sy boek, meen: *“All Kids Are Our Kids is targeted to all who seek to bring about positive change for the sake of children and adolescents in our society”.* Die gemeenskap het verantwoordelikheid aanvaar vir elke kind in sy gebied. Miskien word daar te veel net op die nukleêre gesin gefokus en word die waarde van die uitgebreide geestelike gesin as “groot skare geloofsgetuies” uit die oog verloor, veral hoe dit in 'n postmoderne tyd op ‘n gemeenskapsgerigte wyse herstruktureer kan word (vgl Heb 12:1). Die sterkerwordende individualistiese ingesteldheid is die teenpool van hierdie skare geloofsgetuies. Dit is nie nodig dat enkel-ouer-gesinne binne 'n samelewing swaar moet kry as daar 'n skare is wat graag vir sulke gesinne 'n uitgebreide familie wil wees nie. 'n Nuwe bewuswording van hierdie skare is binne die gesinne, gemeente en gemeenskap nodig en kan alleen plaasvind as die kerk deur sy gesinne en tieners meer sigbaar en in die gestalte van 'n dienskneg in die samelewing optree.

Victor Turner se voorstelling van 'n sosiale drama (vgl paragraaf 5.2) word met hierdie navorsing se paradigma gekombineer, naamlik dat die kerk, staat en markplein in hierdie herrangskikkingsfase al die Christene moet help om hul posisies in te neem. Die klem val veral op die vaders om weg te beweeg van 'n gefragmenteerde gesinsbediening en gemeenskap na 'n verbondsmatige gemeenskap deur middel van 'n gemeenskapsgerigte gesinsbediening (vgl diagram 25: *Motivering en hipotesevorming*). Die kerk is midde in 'n oorbruggingstydperk in Suid-Afrika wat primêr oor verhoudingsbou, geloofservaring en 'n nuwe begrip vir die huidige situasie gaan. Die op weg wees na 'n nuwe societas vereis maksimum onderlinge deelname van die kerk, staat en markplein en oordeelkundige benutting van die bestaande bronne van hierdie instansies. Daarmee word bedoel dat daar wel oorvleuelingspunte is waar die een instansie vir die ander van hulp kan wees soos in diagram 25 aangedui word. Binne elke gemeente is daar lidmate in die staatsdiens en in die besigheidsektor wat die onderlinge deelname kan laat realiseer (vgl Benson 1997:207-223).

Blykbaar is daar meer faktore wat die gesin nie laat funksioneer nie, as wat daar is om dit wel te laat funksioneer. Daarom moet daar spesifieke aandag aan toerusting van gesinne en ouers gebied word. Benson (1997:184) meen *“The goal of providing family support is to empower families to build their own strengths and resources, not to make them dependent on a service organization or professional”.* Ondersteuning aan gesinne moet dus die potensiaal van gesinne na vore bring en ontwikkel. Silva en Smart (2000:5) motiveer die voortbestaan van die gesin soos volg: *“... contrary to those interpretations that insist that family links are being weakened, families remain a crucial relational entity playing a fundamental part in the intimate life of and connections between individuals”.*

## 5.4 God se plan met die gesin

In Bybelse sin is die ouers die belangrikste jeugbedienaars in die hele gemeente en gemeenskap. Thomas (1996:72) beweer: *"From both a pragmatic and biblical point of view, if we empower parents by teaching them how to effectively train their children, we will be doing the most significant ministry possible to children and youth".* Die daaglikse lewe moet as die leerskool gesien word (vgl Deut 11:19-21). Naudé (1999:43) meen na aanleiding van Genesis 12, Deuteronomium 5-6 en Josua 24 dat God se liefde meesal in die gesin of uitgebreide familie gebundel word soos dit blyk uit die verbond met Abraham, die wet aan Moses en die vernuwing met Josua. Die verbondstekens in die Ou en Nuwe Testament kan as familietekens beskou word, die uitgebreide familie ingesluit (vgl Naudé 1999:43-44). God se plan vir die gesin om 'n nuwe begin te maak word in Josua 24 uiteengesit (vgl Naudé 1999:51-57).: (1) Bring die leiers, naamlik die familiehoofde, regters en ampsdraers, bymekaar in die teenwoordigheid van God – Jos 24:1. (2) Die regte agenda moet bepaal word, naamlik om die verhaal van God se goedheid te vertel – Jos 24:2-13 (vgl ook Müller 1996:19-34 – narratiewe betrokkenheid as verstaan). (3) Die familielede moet opgeroep word om eerbiedig voor God te lewe wat 'n omdraai weg van die sondige wêreld beteken – Jos 24:14. (4) Verwysingspunte moet geskep word, naamlik gesinne wat die voorbeeld stel om nagevolg te word – Jos 24:15. (5) Die gevolge moet aangedui word as God se plan met die gesin nie gevolg word nie – Jos 24:20. (6) Skep 'n ritueel van vernuwing met getuies daarby om die keuse wat gemaak word vas te lê – Jos 24:15-16, 26 (vgl Den Dulk 1998:205 – Deut 6:6-8 en Marais en ander 2001: *Sewe familiegewoontes wat geloof laat* groei asook Müller 2002:70-71 in paragraaf 6.11.2).

Die gesin het 'n roeping van God ontvang om binne die gemeente en gemeenskap en vandaar na die res van die wêreld die boodskap van die evangelie uit te dra (vgl diagram 26: *God se plan met die verbondsgesin*). Kornelius en sy gesin word as voorbeeld geneem wat die armes gehelp het en gereeld aandag aan sy eie en sy gesin se verhouding met God geskenk het. Wanneer verskillend gesinne dit begin doen, ontstaan daar 'n huisgesin van God (Ef 2:19-22) of uitgebreide geestelike familie. Hierdie huisgesin van God het die opdrag om ook na die belange van die gemeenskap om te sien (vgl Jer 29:7). So word jong seuns en dogters ook geroep om die boodskap van versoening verder uit te dra (1 Tim 2:1-2) totdat die laaste opdrag van Jesus Christus (Mat 28:19-20) in al die uithoeke van elke individu se lewe, die van die gesin, gemeente, gemeenskap en die res van die wêreld uitgevoer sal word (vgl Heitink 1993:94 (7) in paragraaf 2.3).

Die volgende aanhalings van Caemmerer is steeds relevant, ten spyte van die feit dat dit dertig jaar gelede geskryf is, om God se plan vir die gesin in die Bybel weer op te roep. Caemmerer (1971:5-6) sê: "*As Christian families pattern their homes and lives after God's design for the family, true harmony, joy, and peace will reign in the home. The home is strengthened when we understand how God has designed key relationships to work together. Knowing that God's desire for fathers is to have their children's hearts and for their children's hearts to be turned to them, strengthens families, and protects children from the false philosophies of today's society".* Een van die bekendste openbaringe van God se passie vir die gesin, kom in Deuteronomium 6:6-9 voor (vgl Den Dulk 1998:205). Dit is die karakter wat gesinsbediening moet aanneem. In 'n poging om 'n model vir gesinsbediening te

ontwikkel, kan gevallestudies van gesinne in die Bybel nagegaan word. Caemmerer (1971:5-6) verwys na sulke gevallestudies waar sommige gesinne die plan van God gevolg het en ander wat daarin misluk het: *"Hence the Scriptures are helpful, from beginning to end, with suggestions for carrying out God's plan for the family. Throughout the Scriptures we read not simply accounts of family life but also a diagnosis of that life as lived with or without God".* Vanaf die skepping was gesinne belangrik en het dit ook misluk. Noag en sy gesin was 'n liefdevolle, gelowige en godsdienstige gesin. Wat het hulle bymekaar, gelowig en godvresend gehou? Caemmerer (1971:6) verwys na God se plan in Gen 13:12; 14; 19; 26; 32; 33 en 34, dat die aartsvaders hul rein moes hou van die besoedeling van die goddelose mense en sê voorts: *"In strong portraits painted of the patriarchs stand out the love for children (Gen 35; 46) and the veneration for parents (Gen.45:3-19)".*

Caemmerer (1971:7) verwys na die ballingskap en terugkeer waar Israel en Juda teen die toorn van God deur profete gewaarsku word. Tydens hierdie rebelsheid en goddeloosheid van die volk het die gesinsbande verswak (vgl Jer.9:14 en Amos 2:4). Hierdie verval was 'n duidelike aanduiding dat God weer gesoek moes word (Miga 7:6-7).

In die Nuwe Testament word die koestering van die Christelike geloof nog sterker beklemtoon veral as daar gelet word op die sakrament en die bediening daarvan aan gesinslede in huise (Hand 2:46; 5:42; 12:12). Hoewel die sakrament nie meer in gesinne bedien word nie, moet op 'n ander wyse na liefdesbetoning in die postmoderne konteks gekyk word. Browning en andere (1997:271-305) beklemtoon, na aanleiding van navorsing deur hulself gedoen, gemeenskaplikheid in die gesin en familie asook selfopoffering as 'n Nuwe Testamentiese vorm om uitdrukking aan liefde te gee. Die vraag wat beantwoord moet word, is wat met gemeenskaplikheid en selfopoffering bedoel word – veral in 'n postmoderne konteks. Dit is begryplik dat gemeenskaplikheid meer aanvaarbaar in 'n globaliserende postmoderne tyd sal wees as selfopoffering. God se plan vir die gesin is om hulself en die gemeenskap te versorg (vgl Mat 25:35-36) en dit vra beide gemeenskaplikheid en selfopoffering. Paris (2001:201) meen: *"… community is constitued when persons come together for the purpose of creating, preserving, and enhancing the necessary conditions for their common life".* Browning en andere (1997:271) dui vier temas aan vir 'n praktiese teologie vir die gesin om God se plan ten uitvoer te bring: *"… (1) the centrality of equal regard in a Christian view of love, (2) the legitimate place of self-sacrifice in the service of mutuality, (3) the need for a life-cycle perspective on discerning the meaning of equal regard in families, and (4) the subordination of families to the larger common good, whether seen as the common good of civil society or the kingdom of God".* Paulus beklemtoon ook die belangrikheid van gesonde gesinne vir ouderlinge en diakens (1 Tim 3:1-13; Tit 1:5-7) wat as voorbeelde moet dien vir 'n gesonde gemeenskap.

Al hoe meer stemme gaan op dat daar 'n meer doeltreffende model vir gesinsbediening ontwikkel moet word. Fields (1998:25) sê: *"I pray that some courageous churches in the twenty-first century will give us new models for youth and family ministry. I challenge you to begin integrating your youth ministry, the church, and the family in a more effective manner. I believe the biggest change will be in attitude rather than in direction or program components".* Houdingsverandering vind oor 'n onbepaalde tyd plaas omdat dit 'n lewensproses is.

Word daar na die huidige gemeentegroei gekyk, nie getalgewys nie, maar wat gesinsbediening betref, dan word opgemerk dat die gesin nie werklik ernstig opgeneem word nie. Van die mees resente opnames in die Nederduitse Gereformeerde Kerk dui aan dat die meeste gemeentes nie met 'n sinvolle en doelgerigte gesinsbediening besig is nie (vgl Bischoff 1996:31). In die Oranje-Vrystaat, Wes-Kaap, Noord-Transvaal en Noord-Kaap funksioneer sodanige aksies en programme wel in 'n meerderheid van die gemeentes. In die meeste gevalle (80.2%) is die Vrouediens vir sodanige aksies of programme verantwoordelik. By hierdie 1996 opname in die Nederduitse Gereformeerde Kerk meld twee derdes van die leraars dat hulle in die gemeente met die sogenaamde tradisionele bedieningspatroon besig is. 'n Derde beskou die tradisionele bedieningspatroon as 'n eie keuse (vgl Bischoff 1996:85-86). Die vraag word gevra of hierdie tradisionele bedieningspatroon werklik die gesin sentraal stel ten opsigte van 'n inklusiewe bediening wat ook die gemeenskap se heil en welsyn insluit? Dit wil tog voorkom, as gevolg van vae aanduidinge oor gesinsbediening en die huidige problematiek in gesinne en onder tieners dat gesinsbediening besondere aandag nodig het en dat 'n nuwe bedieningspatroon moontlik in die meeste gemeentes verwelkom sal word.

### 5.5 Gesinsbediening as die wese van gemeentebediening

Dit is nie nodig om 'n uitgerekte motivering vir gesinsbediening te definieer nie, aangesien daar aan die een kant 'n hele aantal navorsers is wat gesinsbediening as die essensie van jeug- en gemeentebediening beskou en aan die ander kant sit die meerderheid geestelike leiers met hul hande in die hare oor die huidige negatiewe situasie in gemeentes en sommige weet nie presies wat met gesinsbediening bedoel word nie, behalwe om die tradisionele huisbesoek met 'n Bybelvers en gebed te af te handel. Clark (1997:25) verwys na Charles Sell wat sê dat gesinsbediening nie as iets bykomstig gesien moet word nie, maar dat dit 'n geïntegreerde deel van die kerklike lewe is. Die Christelike kerk het 'n opdrag van God om die gesinne te versorg en dit het ook 'n baie sterk invloed in die Westerse wêreld gehad, maar hierdie invloed is besig om vinnig af te neem of kan nie tred hou met die negatiewe invloede wat uit verskillende oorde kom nie.

Browning (1997:1) is van mening dat die kerk 'n goeie rede het om gesinne te bedien en om ook in die openbaar oor gesinne te debateer: *"Judaism and Christianity have been formative influences on families in Western societies. Their influence over the centuries has touched legal, economic, and cultural understandings of families. For the most part, this influence has been both crucial and positive, although Christianity has had its negative impact as well".* Sedert die aanvanklike beïnvloeding van gesinne deur die Christelike kerk, het die gesin in sy wese dramaties verander en het daar 'n hele variasie van gesinsamestellings ontwikkel. Aanvanklik het die gesin uit 'n broodwinnende vader en 'n huishoudende moeder bestaan. Browning (1997:1) sê dat die gesinsvorm in die afgelope meer as vyftig jaar besig is om te verander: *"Although we recognize that variations will exist, we argue that the new postindustrial ideal should be the egalitarian family in which husband and wife participate relatively equally in paid work as well as in childcare and other domestic responsibilities".*

Die problematiek rondom die ontwikkeling van 'n gesinsbedieningsmodel word groter en meer kompleks omdat die gesin op verskillende wyses in die samelewing en deur die media blootgelê word. Die gesin moet dus benader word as erg "besoedelde" of

sagter gestel, beïnvloede sisteem. Browning (1997:2) stel dit soos volg: *"Family issues are not private issues; they have quickly become the great public issues of our time".* Browning (1997:2) glo dat daar 'n teologiese mandaat en ernstige sosiologiese behoefte is dat die kerk die saak van die gesin moet hanteer: *"It is theologically, politically, and strategically important for both church and society to make the creation of a new family ethic central to their agendas. Many public leaders are asking churches and synagues to make the creation and support of this new family central to their tasks".* Hierdie taak is groot en dit blyk ook duidelik uit die geweldige hoeveelheid kapitaal wat in sommige lande aan gesins- en jeugnavorsing bestee word. Browning (1997:2) meen: *"Renewing families is one of society's most urgent and crucial tasks"*. Daarvoor is 'n diepgaande studie nodig wat fokus op die relevante faktore wat die gesin beïnvloed en hoe dit die verhoudings binne die gesinsverband bevorder of nadelig raak. Wanneer navorsing wat reeds oor gesinne en die jeug gedoen is in ag geneem word, kom dit voor dat die gesin in 'n hoë mate aan die magte vanuit die omgewing uitgelewer is. Dit is miskien ook die rede waarom daar in baie gesinne 'n magtelose gevoel bestaan oor die hantering van gesinsprobleme. Dit is noodsaaklik vir die kerk om die geloofsbemiddelende gesinskultuur terug te win.

> This requires an analysis of the power relations between husband, wife, children; and surrounding economic and governmental institutions so that hidden blocks and resistances to a realized equal regard can be uncovered and corrected. A critical familism and marriage culture also require an analysis and restructuring of the ecology of supports for families so that extended family, church, civil society, government, and market can be helpful to the conjugal couple and their children; it also requires, in turn, that families themselves contribute to the common good.
>
> (Browning 1997:2)

### 5.6 'n Nuwe era in jeugbediening

De Vries (1994:31-32) verwys na 'n *"National Youth Workers Convention"* waar beweer is dat die huidige jeug anders is as die jeug in enige vorige geslag (vgl paragraaf 7.6.5 - Die millenniumgenerasie). Alle tegnieke, strategieë, filosofieë waaraan ons gewoond was om die jeug mee te bedien, is nie meer werklik funksioneel nie. Indien die huidige wankelmoedige strukture vir jeugbediening nie spoedig hersien word nie, sal die stroom jongmense wat die kerk verlaat groter word. Navorsingsverslae en roepstemme uit verskillende oorde dien as motivering dat daar met oorgawe aan 'n model gewerk moet word vir geloofsbemiddeling wat op tieners gefokus is en wat op ander tye as Sondae kan plaasvind. De Vries (1994:32) beweer: *"The answer to the crisis in youth ministry does not lie in infusing our tired structures with life. We need an entirely new way of looking at youth ministry"*.

Die motivering vir hierdie novorsing is gebore uit 'n geïnteresseerdheid hoe die evangelie in 'n moderne wêreld met baie kykers en min "hoorders" en handelinge meer effektief gekommunikeer kan word deur middel van simbole en rituele. Die klem val op visuele en direkte ervaring wat rituele of handelinge insluit. Geloofsbemiddeling moet as 'n feesmaal vol kleur, geur, smaak, geselskap en handelinge gesien word. Die aptyt vir die geloofskos het verlore geraak omdat die

kleurvolle dimensies daarvan onder 'n dik verbale sous toegegooi is. Dit verhinder die verstaan (vertering) daarvan en lei tot allerlei godsdienskrampe en spasmas in die vorm van geloofsverwarring en ongeloof. Die hoofsaak is om tieners deur 'n geloofsbemiddeling met kleurvolle skakeringe, soos modellering, dramatisering, rituele en versimbolisering tot handeling te lei. Nel (1998:103) meen: *"Jeug wat die dimensie van hoop en opgewondenheid in Christelike identiteitsvinding ontdek het, raak met entoesiasme betrokke by die identiteitsvinding van medejeug"*.

Senter III (1992:21) meen dat daar in die jeugbediening siklusse van ongeveer vyftig jaar ontdek is waarin 'n bepaalde strategie gevolg word. Sedert die negentiger jare gaan daar al hoe meer stemme op vir 'n totale nuwe benadering in die jeugbediening. Die kerk bevind hom nou in 'n nuwe era of siklus vir jeugbediening. Senter III (1992:14) is van mening dat daar 'n fundamentele wegbreek van die wyse van jeugbediening gaan kom waaraan ons vir 'n hele aantal jare gewoond was. Baie gemeentes sal nog met die bestaande programme voortgaan, maar dit sal al hoe minder effektief word. Daar is reeds 'n groot hoeveelheid programme uitgewerk om die jeug te bedien of te ontwikkel en so-ook huweliksverrykings- en ander gemeentelike kursusse, maar modelle, bronne en praktiese idees hoe om ouers en kinders saam geestelik op te bou, is min (vgl Fields 1998:251). Daarom word in die volgende paragraaf 'n belangrike element tot die motivering en hipotesevorming van hierdie navorsing bygevoeg.

## 5.7 Hipotesevorming: 'n Nuwe benadering vir geloofsvorming

'n Nuwe benadering vir geloofsvorming by tieners toon aan dat direkte en indirekte geloofservaringe deur middel van betrokkenheid in die gemeenskap en Bybelsgefundeerde gebruik van simbole en rituele meer doeltreffend is as blote steun op verbale geloofsvorming in eredienste, kategese en jeugaksies met 'n geringe bywerking van oudio-visuele hulpmiddels (vgl diagram 27: *'n Nuwe benadering vir geloofsvorming by tieners*). Dié stelling word gebaseer op navorsing wat gedoen is oor die effektiwiteit van verskillende leermetodes (vgl diagram 28: *Leer deur ervaring*, McNabb en Mabry 1990:42) wat aandui dat leer deur direkte ervaring 'n 85% effektiwiteit toon teenoor die 5-10% van verbale aktiwiteite. Hierdie direkte ervaring was deel van Jesus Christus se toerusting van sy dissipels. Direkte en indirekte ervaring met simbole en rituele vorm ook deel van onder andere die EE-III-opleidingsprogram wat deur talle gemeentes gebruik word en wat ook 'n Jeug-EE-III-opleidingsprogram beskikbaar het. EE staan vir Evangelisasie Ekspansie. Evangelisasie vind op 'n persoonlike vlak plaas om die groeiende wêreldbevolking te bereik. III verwys na drie aspekte van bediening – evangelisasie, dissipelmaking en kerklike groei (vgl Kennedy 1993). Armstrong (1979:17) het 'n opleidingsprogram, P.R.O.O.F. (*"Probing Responsibly Our Own Faith*) ontwikkel: *"Its purpose is to offer what I believe is a viable alternative to some of the popular, but in the opinion of some pastors questionable, evangelistic methods in use today".* Armstrong (1979:18) is van mening dat 'n evangelisasieopleidingsmodel met 'n ondersoek na die wesenlike van geloof sal begin asook 'n ervaring van die werklikheid van geloof wat met mekaar gedeel word.

'n Gemeenskapsgerigte geloofsvorming van tieners in die verbondsgesin deur middel van simbole en rituele word in hierdie navorsing meer effektief beskou as 'n uitsluitlik verbale benadering binne 'n beperkte ervaringsruimte van 'n lokaal iewers in 'n huis,

kerkgebou of koffiekamer. Selfs al is 'n mees moderne kerkgebou of jeuglokaal of koffiekamer wat uiters jeugvriendelik is ter sprake, is die effektiwiteit van geloofsvorming nie daarin geleë nie. Die behoefte van tieners is wel om in groepe te verkeer, maar om deur hierdie groepe binne die gemeenskap deel te neem aan besluite en die praktiese uitvoering van geloofsopdragte wat tot 'n beter samelewing vir almal kan lei. Verskillende metodieke is reeds gebruik om tieners gelowig te laat kommunikeer, maar die klem het meesal slegs op geloofskommunikasie binne 'n bepaalde groep jongmense geval. Geloofsvorming met en deur tieners aan tieners en volwassenes binne die gemeenskap waarby volwassenes, veral die tieners se ouers betrokke is, het nie die nodige of voldoende aandag geniet nie. Dit het die geloofsbemiddelingsproses in die gesin, gemeente en gemeenskap vertraag en selfs in sommige gemeentes heeltemal beëindig. Meer spesifieke inligting vir 'n meer holistiese benadering vir geloofsvorming by tieners kom in hoofstuk ses (vgl paragrawe 6.9, 6.12.1 (8)), hoofstuk ag (vgl paragrawe 8.3.5, 8.3.6 tot 8.3.11 en 8.4.3) en veral in die hele hoofstuk nege (vgl paragraaf 9.5.2 (5) voor.

Babin (1991:45) het aan tieners gevra wat hulle interesseer. Uit hul reaksie was dit duidelik: *"They need to be alone in the fields to think, to be called on to listen to the depths of their being, to feel their passions and the spirit of revolt rise up inside them, … to hear more than the sound of transistors and to see more than the advertisements …".* Indien tieners toegelaat word om in die gemeenskap betrokke te raak, kan hulle ook self tot die ontdekking van God se oudio-visuele taal in die gemeenskap kom. Dit beteken dat hulle sal hoor en sien hoe God deur die situasie in die gemeenskap met hulle praat en hoe hulle daarop kan reageer met die geloofsinhoud van die Bybel. Volgens Malina (1993a:172-172) gaan geloofsbemiddeling onder andere oor betrokke raak in 'n groep waar die boodskap van die Bybel bemiddel moet word: *"In-group members are to be supported at all times and at all costs".* Hier kan na die gelykenisse, deel word van ander groepe, *"in-group"* (Jesus van Nasaret wat na Kapernaum beweeg om te bedien) en ander konkrete gebeurtenisse in die Bybel rondom Jesus verwys word: *"In the Gospel story, we find that Jesus' in-group standing led to quick response to his plea for faction formation from five locals, or at least locals with in-group connections".* (Malina 1993:91). In hierdie navorsing word 'n dringende oproep gedoen vir geloofsvorming by tieners binne 'n meer natuurlike, *"in-group"*-situasie.

Vir die formulering van 'n hipotese vir hierdie navorsing, word na die tema van hierdie navorsing, enkele diagrammme en 'n kort samevattende formulering verwys:

* Die onderwerp van hierdie navorsing: *'n Gemeenskapsgerigte model vir die geloofsvorming van tieners in die verbondsgesin deur middel van simbole en rituele.*
* Diagram 1: *'n Paradigmaverandering van teorie na praktyk en van gemeente na gesin en van gesin na gemeenskap as "in-group".*
* Diagram 25: *Motivering en hipotesevorming*
* Diagram 27: *'n Nuwe benadering vir geloofsvorming by tieners*
* Diagram 28: Leer deur ervaring
* Diagram 14: *Deduksie: Teorie-, model- en hipotesevorming*

'n Kort omskrywing van die hipotese lui soos volg: Geloofsvorming van tieners in die verbondsgesin deur middel van simbole en rituele vra 'n paradigmaskuif binne

jeugbediening wat meer praktyk-, gesin-, verhouding- en gemeenskapsgeoriënteerd is as die huidige geprogrammeerde en geïnstitusionaliseerde benadering van jeugbediening. Hierdie paradigmaskuif is nodig om vanaf 'n gefragmenteerde en geïsoleerde jeugbedieningsituasie weg te beweeg na direkte en indirekte geloofservaringe binne die groter gemeenskap waar die kerklike betrokkenheid en insprake amper heeltemal verdwyn het en uitsluitlik in die hande van die staat en besigheidsektor gelaat word. Deur induksie en deduksie, waarneming en refleksie, kan tieners geleer word om self tot 'n konsepvorming te kom hoe om deur middel van evaringe soos uitbeelding van geloofsinhoude deur middel van dramatisering en die skeppende kunste, wat simbole en rituele insluit, tot geloof te kom en ander tot geloof te lei.

In hoofstuk ses, word aandag geskenk aan geloofsbemiddeling as ‘n kommunikatiewe handeling en konkrete proses in diens van die koninkryk van God. Verskillende modelle, kommunikasiekategorieë en verskillende dissiplines se navorsing oor kommunkasie word ondersoek. Die motivering vir hierdie hoofstuk lê in geloofsbemiddeling in praktyk – die wisselwerking tussen teks en konteks. Die ouer en kind se opvoedingsverbondenheid in hierdie geloofsbemiddelingsproses staan sentraal en hoe om dit stimulerend deur middel van rituele en simbole te doen. Die multi-kulturele konteks word ook in ag geneem. Hierdie benadering vra ‘n besondere hermeneutiese benadering om geloofsbemiddeling tot handeling te lei en hierdie weg van teks tot praktyk of geloofshandeling kan alleen deur die pneumatologie geopen word en dan kom die christologie en antropologie ook in beweging.